

16 Maart

Josua 14

(Teks: 14:12, 15)

***"Gee my dan nou hierdie bergland"***

Kaleb was 'n ou man van in die tagtig toe hy hierdie versoek aan Josua gerig het. Hierdie bergland waarvan hier gepraat word, was nie die lekkerste stukkie aftree-grond wat 'n man in sy ouderdom kon kry nie. Maar Kaleb vra dit want dit is aan hom belowe (14:6). Hierdie stuk grond was die gebied waar die reuse gewoon het wat juis die oorsaak was dat die hart van die kinders van Israel versmelt het (lees Num. 14). Waarom vra hy in sy ouderdom juis die grond? Vers 12 sê: miskien sal die Here met my wees sodat ek hulle kan verdrywe soos die Here gespreek het. Daar hoor ons dit. Kaleb wou juis Hebron toe om die reuse aan te vat wat die oorsaak was dat sy volk opgesien het om die land Kanaän in te trek.

Kaleb is 'n voorbeeld van manmoed, van geloofskrag waarmee hy geïnspireer is en wat ook destyds in sy hart gelewe het toe hulle die land Kanaän gaan bespied het. Hy het ook al die bedreiging geken maar hy het geglo dat God sy beloftes aan hulle waar sal maak. Hoor hoe het hy destyds gepleit by sy volk. (Lees Numeri 14:9.) Hulle het nie na hom geluister nie. Daarom het die Here hulle veertig jaar lank in die woestyn laat swerwe en nou, na meer as veertig jaar, lewe hy nog en sit hy sy voet soos hy geglo het in die beloofde land. Hy sê self: Ek is nog net so sterk soos destyds.

Watter geloofsmoed straal nie uit sy mond nie!

Gee my daardie bergland: Ons lees in Josua 14:15 hierdie kort sinnetjie: *"En die land het gerus van oorlog."* Kaleb het sy grond gekry en die Here was met hom soos hy geglo het.

Hoe glo ons in die Here?

Watter pragtige beloftes het die Here in Christus nie aan ons gemaak nie?

Hoe glo ons dit?

Hou ons God se beloftes vas tot in die hoë ouderdom?

Hou ons ook in krisistye soos waarin ons woon dit altyd vas:

Die Here sal met ons wees; Hy sal ons nie begewe of verlaat nie. Sulke mense sien soos Kaleb in die ouderdom nog vir die onmoontlike kans.

Sing Psalm 91:8

Ds. J.C. Buys (Johannesburg-Suid)